

Inhoud

Dankbetuiging	ii
Voorwoord	iii
HOOFSTUK 1	1
Die notebalk, sleutels en toonhoogtes	1
HOOFSTUK 2	10
Nootwaardes en rustekens	10
HOOFSTUK 3	20
Tydmaattekens.....	20
HOOFSTUK 4	27
Hulplyne en hulpspasies	27
HOOFSTUK 5	31
Groepering	31
HOOFSTUK 6	42
Die kruis, mol en herstellteken.....	42
HOOFSTUK 7	50
Toonsoorte en toonsoorttekens	50
HOOFSTUK 8	58
Toonlere	58
HOOFSTUK 9	67
Intervalle.....	67
HOOFSTUK 10	76
Drieklanke	76
HOOFSTUK 11	84
Inleiding tot harmonie.....	84
HOOFSTUK 12	88
Terminologie	88
HOOFSTUK 13	98
Transposisie en transkripsie	98
HOOFSTUK 14	106
Melodieskryf.....	106
HOOFSTUK 15	113
Harmonie-ontleding.....	113
BIBLIOGRAFIE	121
BYLAAG: Assesseringskaart	121

HOOFSTUK 1


Die notebalk, sleutels en toonhoogtes

1.1 Toonhoogte

Toonhoogte verwys na hoe hoog of laag 'n klank is.

1.2 Die notebalk

Musiek word op 'n notebalk geskryf (Raadpleeg vb. 1.1). Die notebalk bestaan uit vyf lyne en vier spasies. Die lyne en spasies word van onder af getel. Elke lyn en spatie verteenwoordig 'n ander toonhoogte.



Vb. 1.1

1.3 Die maat, maatlyn en dubbelmaatstreep

Die notebalk kan in kleiner eenhede verdeel word wat mate genoem word. Aan die einde van 'n maat kom 'n maatstreep voor. Aan die einde van 'n musiekstuk kom 'n dubbelmaatstreep voor om die einde aan te dui:



Vb. 1.2


1.4 Sleutels

Sleutels word gebruik om note op spesifieke toonhoogtes aan te dui. 'n Sleutel word aan die begin van elke 'n notebalk geplaas. In Graad 1 word met twee sleutels, die G-sleutel en die F-sleutel kennis gemaak.

1.5 Lettername


Soos reeds verduidelik, verteenwoordig elke lyn en spasie van die notebalk 'n ander toonhoogte. Die toonhoogtes beweeg van laag na hoog (onder na bo). Elke lyn en spasie het sy eie naam wat altyd met 'n hoofletter geskryf word. Die "musiek alfabet" bestaan slegs uit sewe letters: A, B, C, D, E, F en G.

1.5.1 Lettername van die lyne en spasies in die G-sleutel:



Vb. 1.5



1.5.2 Lettername van die lyne en spasies in die F-sleutel:




Vb. 1.6

AKTIWITEIT 1.3

Skryf die letternaam onder elkeen van die volgende note. ONTHOU: Kyk eers na die sleutel en skryf in hoofletters.




Die verdeling van nootwaardes kan soos volg voorgestel word:



Vb. 2.2

Agstenote en sestiende-note kan met mekaar verbind word deur middel van 'n **dwarsbalk**:



Vb. 2.3

AKTIWITEIT 2.1

Beantwoord die volgende vrae:

- 2.1.1 Hoeveel agstenote is daar in 'n heelnoot? _____
- 2.1.2 Wat is 'n kwartnoot plus 'n kwartnoot? _____
- 2.1.3 Watter nootwaarde is gelyk aan die helfte van 'n heelnoot? _____
- 2.1.4 Hoeveel kwartnote is daar in 'n heelnoot? _____
- 2.1.5 Hoeveel kwartnote is gelyk aan vier agstenote? _____
- 2.1.6 Hoeveel kwartnote is in daar 'n halfnoot? _____
- 2.1.7 Hoeveel agstenote is daar in 'n kwartnoot? _____

HOOFSTUK 3

Tydmaattekens

(Maatsoorttekens)

Die tydmaattekens (maatsoorttekens) word aan die begin van 'n musiekstuk net na die sleuteltekens geskryf. Die tydmaattekens dui die aantal maatslae per maat, asook die tydsduur (nootwaarde) van een maatslag aan. Die tydmaattekens word op dieselfde wyse as 'n breuk bereken: die boonste getal dui die aantal maatslae en die onderste getal die tydsduur aan. Die verskil tussen 'n tydmaattekens en 'n breuk is dat die tydmaattekens nie 'n strepie wat die twee syfers van mekaar skei, het nie. 'n Tydmaattekens lyk soos volg:

3	→	Aantal maatslae
4	→	Tydsduur van een maatslag (die "4" is van die breuk $\frac{1}{4}$ afgelei, want 'n kwartnoot beslaan 'n kwart van 'n heelnoot).

Gevolgtrekking: Die bogenoemde tydmaattekens beteken dat daar drie kwartnoot maatslae per maat is. Dit beteken nie dat 'n maat slegs uit kwartnote bestaan nie, maar dat die hele maat (dit wil sê note en rustekens) gelyk is aan 'n totaal van drie kwartnoot maatslae.

3.1 Enkelvoudige tydmaat

In enkelvoudige tydmaat bestaan 'n maatslag uit 'n enkel nootwaarde. 'n Maatslag is met ander woorde nie gepunteerd nie. Die enkelvoudige tydmaattekens wat in Graad 10 behandel word, is in tabel 3.1 uiteengesit:

Tydmaattekens	Beskrywing
$\frac{2}{4}$	Daar is 2 kwartmaatslae per maat. Dit staan bekend as 'n enkelvoudige tweeslagmaat .
$\frac{3}{4}$	Daar is 3 kwartmaatslae per maat. Dit staan bekend as 'n enkelvoudige drieslagmaat .
$\frac{4}{4}$ of C	Daar is 4 kwartmaatslae per maat. Dit staan bekend as 'n enkelvoudige vierslagmaat .

Tabel 3.1

Die eerste maatslag van elke maat word ongeag die tydmaattekens beklemtoon. Wanneer daar vier maatslae in 'n maat is word die derde maatslag ook beklemtoon, maar nie so sterk soos die eerste een nie.

AKTIWITEIT 3.1

Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Waar word die tydmaatteken geskryf? _____

3.1.2 Gee 'n ander naam vir 'n tydmaatteken. _____

3.1.3 Wat beteken $\frac{3}{4}$? _____

3.1.4 Op watter ander wyse kan $\frac{4}{4}$ aangedui word? _____

3.1 Die skryf van 'n tydmaatteken

Die boonste getal van die tydmaatteken word in die boonste twee spasies en die onderste getal in die onderste twee spasies van die notebalk geskryf. Onthou: daar is nie 'n strepie wat die twee getalle van mekaar skei soos in die geval van breuke nie.



AKTIWITEIT 3.2

Skryf 'n gepaste maatsoortteken aan die begin van elke maat:



3.2 Die opmaat (ook "opslag" of "anakrusis")

'n Opmaat is 'n onvolledige maat aan die begin van 'n musiekstuk wat uit een of meer note bestaan. Die musiekstuk begin dus nie op die eerste maatslag nie:

Assesseringsopdragte

1. Skryf onder eke noot sy letternaam en nootwaarde.



2. Beantwoord die volgende vrae.

2.1 Wat beteken "C" _____

2.2 Waar op die notebalk word die sleutelteken geskryf? _____

2.3 Word die maatsoortteken voor –of na die sleutel geskryf? _____

2.4 Wat word die afstand tussen byvoorbeeld een "A" en die volgende "A" genoem? _____

3. Sê of die volgende twee stellings waar of vals is.

3.1 Die sleutel dui die aantal maatslae per maat aan. _____


3.2 Die sopraansleutel stel die tweede lyn as G vas. _____

3.3 Die eerste lyn van die G-sleutel is G. _____

3.4 Die derde spasie van die F-sleutel is E. _____

3.5 $\text{♩} + \text{♩} + \text{♩} + \text{♩} + \text{♩} + \text{♩} + \text{♩} + \text{♩} = \text{♩}$ _____

4. Skryf die gevraagde rustekens.



Heelrus

Kwartrus

Agsterus


Halfrus

Sestiende-rus

HOOFSTUK 4

Hulplyne en hulpspasies

Lyne en spasies bokant of onderkant die notebalk word **hulplyne** en **spasies** genoem:




Vb. 4.1



AKTIWITEIT 4.1

4.1.1 Speel die volgende note op die klavier (jou onderwyser kan jou help indien nodig):




Vb. 4.2

4.1.2 Hoeveel wit klawers is daar tussen die laaste noot van die bassleutel en die eerste noot van die G-sleutel? _____

4.1.3 Wat is die lettername van hierdie note? _____

4.1.4 Bestudeer die volgende voorbeeld. Vergelyk dit met die voorbeeld wat jy so pas gespeel het. Verstaan jy dit?



Vb. 4.3



5.1.1 Groepering van note

Maatslag 1 en 2

Note moet sover as moontlik saam gegroeper word (raadpleeg Vb. 5.3). Hierdie reël is nie van toepassing wanneer die ritme van die twee maatslae verskil nie (raadpleeg Vb. 5.4).



Vb. 5.3



Vb. 5.4

'n Enkel nootwaarde kan oor maatslag 1 en 2 strek; verbindingsboë mag nie gebruik word nie:



Vb. 5.5



Vb. 5.6

Maatslag 2 en 3

Drieslagmaat

Note moet sover as moontlik saam gegroeper word en 'n enkel nootwaarde kan oor beide maatslae strek (raadpleeg Vb. 5.7 en 5.8). Hierdie reël is nie van toepassing wanneer die ritme van maatslag 3 van maatslag 2 verskil nie.




Vb. 5.7



Vb. 5.8


Vierslagmaat

Maatslae kan **slegs** saam gegroeper word as dit deur 'n enkel nootwaarde beslaan word:



Vb. 5.9



Indien 'n hele maat rus, ongeag die tydmaatteken, word 'n heelrys gebruik om dit voor te stel:



Vb. 5.30


AKTIWITEIT 5.7

Verbeter die groepering van die volgende mate deur hulle korrek op die onderste notebalk oor te skryf:



AKTIWITEIT 5.8

Voltooi die volgende mate met note en/of rustekens korrek gegropeer:




AKTIWITEIT 6.8

Trek 'n sirkel om die hoogste noot in elke note-paar.



AKTIWITEIT 6.9

Trek 'n sirkel om die laagste noot in elke note-paar.



AKTIWITEIT 6.10

Verander die note in die eerste kolom volgens die vereistes in die daaropvolgende kolomme.

Gegewe noot	Enharmoniese verandering	'n Noot 'n halftoon hoër	'n Noot 'n halftoon laer	'n Noot 'n heeltoon hoër

HOOFSTUK 7


Toonsoorte en toonsoorttekens



7.1 Die toonsoorttekens

Wanneer 'n komposisie byvoorbeeld te laag is vir 'n persoon se stem-omvang, is dit maklik om hom net 'n bietjie hoër te sing. Die liedjie is nou in 'n ander **toonsoort**.

Elke toonsoort het sy eie **toonsoorttekens** wat uit òf 'n aantal kruise òf 'n aantal molle bestaan. Die toonsoorttekens word tussen die sleuteltekens en die tydmaattekens en daarna op elke notebalk, net na die sleuteltekens, geskryf (Raadpleeg vb. 7.1). Die toonsoorttekens is een van die dinge wat 'n komposisie se toonsoort aandui en is op die hele komposisie van toepassing tensy dit anders aangedui word.



Vb. 7.1

7.2 Toonsoorte

In Graad 1 word majeur en mineur toonsoorte bespreek. 'n Majeur klink meer opgewek en 'n mineur meer hartseer. Elke majeur het 'n verwante mineur wat later in meer detail bespreek sal word.

7.2.1 Majeur toonsoorte

7.2.1.1 Majeur toonsoorte met kruise as toonsoorttekens





Die maklikste manier om die kruise van 'n majeur met kruise in sy toonsoorttekens te identifiseer, is om die volgende rympie te leer:

0 1 2 3
Father **C**harles **G**oes **D**own **A**nd **E**nds **B**attle

Tel die kruise van links na regs →

STAP 3 Bring die chromatiese verandering in die harmoniese –en melodiese mineur aan

STAP 4 Dui die halftone aan:


Majeur

<p>⇒ Halftone tussen die 3^{de} en 4^{de}, asook die 7^{de} en 8^{ste} toontrappe.</p>
Natuurlike (suiwer) mineur/Eolieseodus

<p>⇒ Mineur toonleer sonder enige chromatiese wysigings. ⇒ Halftone tussen die 2^{de} en 3^{de}, asook die 5^{de} en 6^{de} toontrappe.</p>
Harmoniese mineur

<p>⇒ Die leitoon word verhoog. (Die verhoogde leitoon is 'n chromatiese noot.) ⇒ Halftone tussen die 2^{de} en 3^{de}, die 5^{de} en 6^{de}, asook die 7^{de} en 8^{ste} toontrappe.</p>
Melodiese mineur

<p>Opgaande toonleer ⇒ Die 6^{de} en 7^{de} toontrap word verhoog. (Hierdie is chromatiese note.) ⇒ Halftone tussen die 2^{de} en 3^{de}, asook die 7^{de} en 8^{ste} toontrappe.</p> <p>Afgaande toonleer ⇒ Die 6^{de} en 7^{de} toontrap word herstel tot hul oorspronklike toonhoogte (indien hulle verhoog was in die opgaande toonleer). ⇒ Halftone tussen die 2^{de} en 3^{de}, asook die 5^{de} en 6^{de} toontrappe.</p>

Tabel 8.2

AKTIWITEIT 8.1

Voeg die nodige skuiftekens by die volgende sodat die gevraagde toonlere gevorm word. Dui die halftone aan.


F majeur



F# harmoniese mineur



D majeur



Bb majeur




C melodiese mineur



AKTIWITEIT 8.2


Skryf die gevraagde toonlere in heelnote. Dui ook die halftone aan.

C majeur opgaande sonder toonsoortteken.




9.3.1 Volmaakte intervalle

'n Interval is "volmaak" wanneer dit in die toonsoort waarvan die basnoot die tonika is, voorkom. Wanneer 'n volmaakte interval met 'n halftoon vergroot word, staan dit as 'n vergrote interval bekend. Wanneer 'n volmaakte interval met 'n halftoon verklein word, staan dit as 'n verminderde interval bekend (Raadpleeg vb. 9.7).



Vb. 9.7 Visuele voorstelling

Kwaliteitverandering van 'n interval kan geskied deur die boonste noot te verander (Raadpleeg vb. 9.8)



Vb. 9.8

AKTIWITEIT 9.3

Verander die volgende volmaakte intervalle se boonste noot sodat 'n verminderde en vergrote interval gevorm word.

VERMINDERD	← VOLMAAK →	VERGROOT

AKTIWITEIT 9.5

Beskryf die volgende interval volgens afstand en soort:

The image shows three rows of musical notation, each containing four intervals. The intervals are as follows:

- Row 1: Bass clef, two notes (G2, G3); Treble clef, two notes (G4, G5); Treble clef, two notes (G4, A4); Bass clef, two notes (G2, G3).
- Row 2: Treble clef, two notes (G4, A4); Bass clef, two notes (G2, A2); Treble clef, two notes (G4, F4); Treble clef, two notes (G4, F4).
- Row 3: Bass clef, two notes (G2, F2); Treble clef, two notes (G4, F4); Treble clef, two notes (G4, F4); Bass clef, two notes (G2, F2).


AKTIWITEIT 9.5

Skryf die volgende interval bokant die gegewe basnote:

The image shows three rows of musical notation, each containing five intervals. The intervals are as follows:


- Row 1 (Treble clef):
 - Interval 1: G4 to B4 (Rein kwint)
 - Interval 2: G4 to A4 (Majeur terts)
 - Interval 3: G4 to F4 (Mineur septiem)
 - Interval 4: G4 to B4 (Volmaakte kwart)
 - Interval 5: G4 to E4 (Verminderde kwint)
- Row 2 (Bass clef):
 - Interval 1: G2 to E2 (Verminderde sekst)
 - Interval 2: G2 to B2 (Volmaakte kwart)
 - Interval 3: G2 to A2 (Vergrote oktaaf)
 - Interval 4: G2 to B2 (Verminderde kwint)
 - Interval 5: G2 to E2 (Majeur septiem)
- Row 3 (Treble clef):
 - Interval 1: G4 to B4 (Rein kwint)
 - Interval 2: G4 to F4 (Mineur terts)
 - Interval 3: G4 to A4 (Majeur sekunde)
 - Interval 4: G4 to B4 (Volmaakte priem)
 - Interval 5: G4 to E4 (Majeur septiem)

op die supertonika en verhoogde leitoon voor (Raadpleeg vb. 10.6 en 10.7). Die verminderde drieklanke word deur 'n kleinletter Romeinse syfer, gevolg deur 'n "-" of "°" besyfer, byvoorbeeld, vii[°] or vii⁻.



C: vii[°]

Vb. 10.6




a: ii[°] vii[°]


Vb. 10.7

10.2 Die kwaliteit van drieklanke in die majeure en harmoniese mineur

Vb. 10.8 en 10.9 sit die verskillende drieklanke en hulle kwaliteite uiteen. Dit is belangrik en moet gememoriseer word.



Vb. 10.8



Vb. 10.9


10.3 Met –en sonder toonsoortteken

Drieklanke kan ook met –of sonder toonsoortteken geskryf word:

A majeure



Met
toonsoortteken



Sonder
toonsoortteken

Vb. 10.10

HOOFSTUK 11

Inleiding tot harmonie

11.1 Die sisteem

Drieklanke kan ook in oor twee notebalke geskryf word. Die twee notebalke word deur maatlyne verbind. Die twee verbinde notebalke staan bekend as 'n **sisteem**. 'n **Balkhake (akkolade)** kan gebruik word om verskillende sisteme van mekaar te onderskei (Raadpleeg vb. 11.1). Die balkhake word dikwels in klaviermusiek aangetref.

In Grade 10 moet die primêre drieklanke in drie **partye (stemme)** op 'n sisteem, wat die G- en die bassleutel insluit, geskryf kan word:

The image shows three triads labeled i), ii), and iii) on a grand staff. The grand staff consists of two staves: a treble clef (G-clef) on top and a bass clef (F-clef) on the bottom. A large curly brace on the left side of the staves is labeled 'Balkhake' with an arrow pointing to it. The notes are as follows:

Triad	Treble Clef (Notes)	Bass Clef (Notes)
i) C: I	C4, E4, G4	C3
ii) IV	F4, A4, C5	F2
iii) V	G4, B4, D5	G2

Vb. 11.1

Deur vb. 11.12 te bestudeer, kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die grondnoot van die drieklank word in die bas geskryf. Die ander twee note van die drieklank word in die G-sleutel geskryf.
- Wanneer twee stemme op dieselfde notebalk geskryf word, wys hulle nootstele in die teenoorgestelde rigting, weg van mekaar af.
- Die derde en die vyfde van die drieklank kan in enige een van die boonste partye geskryf word.

AKTIWITEIT 11.1

Beslyf die volgende primêre drieklanke. Majeur –en mineur toonsoorte moet oorweeg word. Die eerste een word as voorbeeld gegee.

AKTIWITEIT 12.1

Skryf onder elke maat 'n noot of gepunteerde noot gelykstaande aan die waarde van die maat.

The first staff contains four measures of music. Measure 1: A quarter note with an accent (>). Measure 2: A quarter note with an accent (^), followed by a dotted quarter note with an accent (>), and a quarter note with an accent (^). Measure 3: A quarter note with an accent (>), followed by a dotted quarter note with an accent (^), and a quarter note with an accent (>). Measure 4: A quarter note with an accent (^), followed by a dotted quarter note with an accent (>), and a quarter note with an accent (^).

AKTIWITEIT 12.2

Skryf 'n rusteken of gepunteerde rusteken van helfte die waarde van elkeen van die volgende mate:

The first staff contains four measures of music. Measure 1: A quarter note with an accent (>), followed by a dotted quarter note with an accent (^), and a quarter note with an accent (>). Measure 2: A quarter note with an accent (>), followed by a dotted quarter note with an accent (^), and a quarter note with an accent (>). Measure 3: A quarter note with an accent (>), followed by a dotted quarter note with an accent (^), and a quarter note with an accent (>). Measure 4: A quarter note with an accent (>), followed by a dotted quarter note with an accent (^), and a quarter note with an accent (>).

12.4 Algemene terme en tekens

Afbakening van die verskillende leerplanne

Terme wat algemeen in musiek voorkom, word in hierdie afdeling uiteengesit. Dit is belangrik om die terme te ken aangesien dit bydra tot die korrekte vertolking van musiek. Kolom 3 dui die taal aan: A = Afrikaans, I = Italiaans, D = Duits en L = Latyn.

Term	Afkorting of teken	Taal	Betekenis
Dinamiek			
crescendo	cresc./ 	I	geleidelik harder